

Watter keuses het jy as jy uitvind jy is swanger en jy wil nie die baba hê nie?

Ek is swanger. Wat gaan ek doen? My kêrel het my gelos. My familie sal woedend wees as hulle hoor ek is swanger. Ek het nie werk nie. Ek kan nie bekostig om hierdie baba te hê nie.

Moet ek my baba êrens weggooi?

Moet ek 'n aborsie kry?

Moet ek my baba laat aanneem?

Wat is onderhoud en hoe kan ek dit kry?





Baba tussen bossies langs die see gevind

Saterdagmiddag het twee bruin mans, nie heeltemal by hulleself nie omdat hulle taamlik dronk was, met 'n uitgetrapte voetpad langs deur 'n klomp digte bossies geloop. Toe hulle die straat wou oorsteek wat die vakansiekompleks met die kusp pad verbind, naby die navorsingsentrum van Seevisserie, het hulle 'n baba hoor huil.

Dit was 'n gelukkige sameloop van omstandighede.

Hulle het na die naaste vakansiehuisie gegaan en mnr. Arno Stofberg, 'n inwoner van Grootfontein op besoek aan Swakopmund, daar gevind. Hulle het hom vertel van die baba wat hulle hoor huil het. Hulle het na die plek gegaan en 'n baba daar gekry. Hulle het haar na die staatshospitaal geneem. Sy het twee kilogram geweg, en was omtrent 36 uur oud toe sy gevind is. Sy was erg deur die son gebrand en brommers het al eiers in haar oortjies gelê.

Baba in bosse weggegooi

Die polisie het 'n graad 10-leerling van die Sekondêre Skool Onga gearrester nadat hulle op die liggaam van 'n pasgebore baba wat in die bosse weggegooi is, afgekom het.

Die babaseuntjie is blykbaar dood nadat sand in sy mond ingeforsier is. Die voorval het verlede Vrydag plaasgevind.

Die 19-jarige ma van Okatope het vir die polisie gesê dat sy die baba weggegooi het omdat sy bang was sy word uit die skool gesit, 'n algemene gebruik as 'n skoolmeisie geboorte skenk.

Sy het gesê sy was ses maande swanger en net 'n paar van haar klasmaats het daarvan geweet.

Sy het aan die polisie bevestig dat die baba nog gelewe het toe hy gebore is.

Baba se lykie by Waterwerke gevind


Die polisie in Windhoek ondersoek 'n geval van moord nadat die liggaam van 'n babaseuntjie gister naby die Gammams Waterwerke gevind is. 'n Nampol woordvoerder, adjutant-offisier Hieronymus Goraseb, het gesê munisipale veiligheidsbeamptes wat die gebied gepatrolleer het, het die liggaam gevind. Dit is nie bekend hoe die baba gesterf het nie, maar die polisie vermoed onnatuurlike oorsake.





Jy moet ook 'n dokter besoek ná jou baba se geboorte. Sommige vroue ly aan nageboortelike depressie. Dis 'n soort depressie wat soms by vroue voorkom nadat hulle geboorte geskenk het.

Is dit wanneer vroue hartseer is ná hul babas se geboorte? Vroue moet maar net regkom en aangaan met hulle lewens!



Nageboortelike depressie is werklik 'n siekte. Dit word veroorsaak deur veranderinge in jou hormoonvlakke. Party vroue het behandeling daarvoor nodig, want dit kan baie ernstig wees.



Baie vroue huil nadat hulle babas gebore is. Dis tog nie so erg nie.



Dit kan baie ernstiger wees as dit. Partykeer wil die nuwe ma haarself of die kind kwaad aandoen. Sy kan so ongelukkig en wanhopig voel dat sy haar eie of haar kind se lewe wil neem. Hierdie emosies is iets waaraan sy niks kan doen nie.

Ek het nie geweet dis so ernstig nie.



Basiese feite oor die ONDERHOUDSTOELAAG

- 'n Onderhoudstoelaag is 'n bedrag geld wat die regering betaal aan ouers wat regtig behoeftig is om hulle kinders te help onderhou. Net ouers met 'n baie klein inkomste is geregtig op hierdie onderhoudstoelaes.
- 'n Kind ouer as sewe jaar moet skool bywoon om 'n toelaag te ontvang – tensy hy of sy nie kan skool toe gaan nie vanweë 'n gestremdheid.
- Die ouer wat aansoek doen, mag nie meer as N\$1 000 per maand verdien nie.
- Een van die volgende situasies moet van toepassing wees:
 - Die ander ouer was die broodwinner, maar kry nou ouderdomspensioen of 'n ongeskiktheidstoelaag.
 - Die ander ouer was die broodwinner, maar is nou oorlede.
 - Die ander ouer was die broodwinner, maar is gevonnissen tot tronkstraf van drie maande of langer.



Die wet se standpunt oor **ABORSIE**

Wanneer word aborsie toegelaat?

Jy kan 'n wettige aborsie kry as –

- jou lewe in gevaar is
- die swangerskap baie nadelig kan wees vir jou liggaamlike of verstandelike gesondheid
- daar 'n groot moontlikheid is dat die kind met 'n ernstige verstandelike of liggaamlike probleem gebore kan word
- die swangerskap die gevolg is van verkragting of bloedsgrande, of
- die swangerskap die gevolg is van 'n seksuele daad met iemand wat sodanig verstandelik gestrem is dat hy/sy nie verstaan het wat hy/sy doen nie.

Hoe kan ek 'n aborsie kry?

Die stappe om 'n wettige aborsie te kry hang af van die rede vir die aborsie. Die eerste stap is om 'n dokter te raadpleeg. Enige dokter sal jou kan help om die ander stappe te volg.

Kan ek op enige ander manier 'n aborsie kry?

As 'n aborsie sonder toestemming uitgevoer word, kan die dokter en die vrou albei skuldig bevind word aan 'n misdad.

Onwettige aborsies wat in die geheim gedoen word, kan baie gevaarlik wees.

Wettige aborsies is makliker beskikbaar in Suid-Afrika. Mense gaan soms Suid-Afrika toe om 'n aborsie te laat doen.

BASIESE FEITE OOR DIE ONDERHOUDSWET



FEITEBLAD

Gender Research & Advocacy Project
LEGAL ASSISTANCE CENTRE
Windhoek, Namibia, 2008

Wat is onderhoud?

- Onderhoud is geld of goed wat 'n persoon volgens die wet moet betaal om te voorsien in die basiese lewensbehoefes van sy of haar afhanklikes.
- Onderhoud word gebruik vir basiese lewenskoste soos behuising, water, elektrisiteit, kos, klere, vervoer, mediese koste en skoolgeld. Onderhoud kan ook voorsien word vir swangerskap en vir geboorte-verwante koste.
- Alle kinders het 'n reg op onderhoud.
- Alle kinders kry gelyke behandeling onder die wet.
- Albei ouers is verantwoordelik vir hulle kinders, selfs al word die kind deur iemand anders versorg.
- Die bedrag geld wat elke ouer moet betaal, word bepaal deur hoeveel geld hulle het en hoeveel geld hulle verdien.
- Die betaling van onderhoud moet voor enige iets anders gestel word, behalwe vir betalings wat ouers maak om hulleself te onderhou.



Wat om te doen as onderhoud nie betaal word nie

As jy nie 'n onderhoudsbetaling ontvang tien dae nadat dit betaal moes gewees het nie, moet jy die Klerk van die Hof kontak. Die hof kan die geld direk van die verweerder se salaris aftrek, of van sy/haar besittings verkoop.



Wie kan onderhoud eis?

'n Ouer, die persoon wat die kind versorg (soos die ouma), of enige ander persoon wat bekommerd is oor die kind (soos 'n onderwyser) kan aansoek doen om onderhoud. 'n Kind kan ook onderhoud eis van 'n ouer sonder die bystand van 'n volwassene.

Hoe lank moet 'n ouer onderhoud vir 'n kind betaal?

'n Onderhoudsbevel eindig gewoonlik wanneer die kind in staat is om vir hom/haarself te sorg. Dit is gewoonlik wanneer die kind 18 jaar oud word. Maar as die kind trou of begin werk voor hy/sy 18 is, eindig die onderhoudsbevel. As 'n kind universiteit toe gaan, kan betaling van onderhoud vir 'n langer tydperk nodig wees.



Hoe om onderhoud te eis

Gaan na die landdroshof

- Die Klerk van die Hof sal jou help om die vorms in te vul.
- Die hele proses is 'n privaat aangeleentheid en jy het nie 'n prokureur nodig nie.

Ontmoeting met die onderhoudsbeampte

- Albei ouers sal gevra word om 'n informele ontmoeting by te woon. Die meeste sake word by hierdie ontmoeting afgehandel. Die onderhoudsbeampte sal probeer om die ouers te help om 'n ooreenkoms te bereik. As die ouers nie kan ooreenkom nie, sal 'n landdros die besluit moet neem.

Ondersoek deur die landdros

- As die landdros oor die saak moet besluit, moet albei ouers op 'n ander dag terugkom om hul situasie aan hom te verduidelik.

- Dit is 'n misdaad om vir die landdros of die onderhoudsbeampte te jok of om die proses te vertraag.
- Dit is 'n misdaad om die klaer te dreig of te intimideer.
- Dit is 'n misdaad om 'n onderhoudsbevel te ignoreer of om onderhoudsgeld verkeerd te gebruik.
- Dit is 'n misdaad as die landdros of onderhoudsbeampte besonderhede van die saak aan enige iemand bekend maak.

Raadpleeg die Legal Assistance Centre se Gids tot die Onderhoudswet 9 van 2003 vir meer besonderhede.

Pdf (Acrobat) weergawes van LAC publikasies verskyn op die LAC se webwerf: www.lac.org.na



Gefinansier deur die
Ambassade van die Franse Republiek
Legal Assistance Centre
Posbus 604, Windhoek, Namibië
Tel. 061-223356





Kan jy my asseblief
meer vertel van aanneming
en pleegsorg? Ek is swanger
en ek weet nie wat om
te doen nie.

Aanneming is
wanneer jy jou baba
vir 'n ander familie gee. Alle
wetlike bande tussen jou en die
baba word afgesny. Jy sal geen
regte ten opsigte van die kind hê
nie. Jy en die pa moet altwee
toestemming gee vir die aanneming
tensy die hof tevrede is dat daar
'n goeie rede is waarom
toestemming van een van die
ouers nie nodig is nie, of as
jy nie die kind se pa kan
opspoor nie.



As ek
my kind afgee
vir aanneming,
kan ek dit
geheim
hou?

Daar is twee
soorte aanneming. 'n
Geslote aanneming is as jy
geen inligting het oor die gesin
wat jou kind aangeneem het nie.
Die nuwe gesin weet ook niks van
jou nie. 'n Oop aanneming is wanneer
al die inligting omtrent altwee gesinne
beskikbaar gestel word. In die
geval van 'n oop aanneming kan
die nuwe ouers jou toelaat
om die kind van tyd tot
tyd te besoek.



Wat is
pleegsorg?

Pleegsorg is
wanneer 'n ander gesin
op 'n tydelike basis vir jou
kind sorg. Dit kan net vir
'n paar weke wees of vir 'n
langer tyd. Partykeer sorg
pleegouers baie jare
vir 'n pleegkind.



Nou
moet ek
besluit
wat om te
doen.




Ek het nou baie om oor na te dink. Maar een ding weet ek - ek gaan nie my baba sommer net weggooi nie. Daar is 'n hele paar maniere om my kind veilig te hou en ek gaan een daarvan kies.

Wat dink jy gaan Esther doen? Wat sou JY gedoen het?

HET JY

... 'n VRAAG?
... 'n OPMERKING?
... MEER INLIGTING NODIG?

KONTAK ONS!

SMS: 081-6000098
E-pos: comic@lac.org.na
Faks: 088-613693
Posadres: Posbus 604 Windhoek

**Ons wil graag weet
wat jy van hierdie
strokiesprent dink.**

Teks:
RACHEL COOMER
Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIAL en PERRI CAPLAN
Projektoesig:
RACHEL COOMER en DIANNE HUBBARD
Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN
BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDS
Drukwerk:
JOHN MEINERT PRINTING
(EDMS) BPK
Uitgewer:
GENDER RESEARCH &
ADVOCACY PROJECT.
LEGAL ASSISTANCE CENTRE.
2010

Hierdie strokiesprent mag
vryelik gekopieer word vir
opvoedkundige doeleindes op
voorwaarde dat erkenning aan
die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe
van hierdie publikasie is
beskikbaar op die LAC-webwerf:
www.lac.org.na



